# DIE SKIETLOOD

223e Uitgawe 16 Februarie 2024
saam met Koersvas 223

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto

URSINUS SE PROLEGOMENA vervolg: Ursinus se argumente vry vertaal met eie kommentaar in blokkies:

SPESIALE VOORWOORD TEN OPSIGTE VAN DIE KATEGESE

Daar is vyf sake wat Ursinus identifiseer as van belang;

1. Wat is kategese of die sisteem van kategese?
2. Was dit nog altyd deel van die kerk se arbeid, of waar het dit ontstaan?
3. Wat is die belangrikste onderdele van kategese?
4. Waarom is dit nodig?
5. Hoedanig is kategese se ontwerp?

**1. Wat is kategese?**

Die woord is 'n derivatief van woorde in Grieks met die betekenis van oorklank, na-klank, na-sê, woordelike oplei, of die herhaal van iemand anders se woorde in die konteks van aanleer. Meer spesifiek beteken dit die doseer van die grondbeginsels en basiese boustene van 'n besondere doktrine. Toegepas op die doktrine van die kerk, beteken die woord (Griekse oorsprongswoord) die doseer van die beginsels van die Christelike geloof soos ons ook sien in gedeeltes soos Lukas 1:4 *"So kan u te wete kom dat die dinge waaroor u onderrig is, heeltemal betroubaar is*", en Handelinge 18:25 "*Hy het in die leer van die Here onderrig ontvang en het met groot geesdrif gepraat en aan ander noukeurig alles oor Jesus geleer; maar die doop waarvan hy geweet het, was net dié van Johannes"*.

**Opmerking**: 'n Vorige geslag het gepraat van Sondagskool. Die term het voor- en nadele gehad. Die aard en inhoud van die Bybelse kategese maak die afgeleide Griekse woord die beter opsie.

Hieruit kan ons nou stel dat kategese die eerste, bondige instruksie is van die eerste en basiese beginsels van die Christelike geloof. Hierdie instruksies oor die basiese boustene en beginsels geskied by wyse van hoor en oorsê. Dit is primêr ontwerp vir- en gerig op die onkundige oningeligte.

**Opmerking**: Ursinus maak dit met ander woorde duidelik dat kategese die oordrag van meer as net kennis behels. Oordra van geloof kan nooit net kennis behels nie. Die definisie van geloof lei ons tot 'n genuanseerde verstaan van hierdie Christelike instruksies.

Die kategismus kan gesien word as 'n kort, eenvoudige uitleg van die Christelike leer soos afgelei uit die profete en apostels se geskrifte. Hierdie kort uiteensetting is aangepas - en uiteengesit in vraag en antwoord formaat - om toeganklik te wees vir op die begripsvakke van die onkundige en ongeleerde. Die ongeleerdes (in terme van die kerklike leer) hoor hierdie kort opsomming van die Bybelse leerstukke en herhaal dit dan om dit so te kan ken en verstaan.

**Opmerking**: Kategese is nie eenrigting-verkeer nie. Die ontvanger se kennis vlakke en vermoë om sekere sake en begrippe te begryp, is mede-bepalend ten opsigte van hierdie saak. Daarmee saam is kategese 'n bondige samevatting van al die belangrike aspekte van geloof.

In die primitiewe kerk was daar twee groepe mense wat kategismus ontvang het. Albei groepe het die eerste beginsels van die Christelike geloof aangeleer.

**Opmerking**: Ons moet twee betekenisse van die woord 'kategismus' onderskei. Die een verwys na die materiaal wat doseer word, die tweede na die proses van kennis oordra (ook kategese). So sou dit nie toutologie wees nie om te stel 'iemand het kategese in die kategismus ontvang'

Die eerste groep was diegene wat as volwassenes tot die Christelike geloof gekom het vanuit die Joodse geloof of heidene. Hierdie persone is eers opgelei in die kategismus (basiese beginsels van die Christelike geloof) en daarna is hulle gedoop en toegelaat tot die Nagmaal. Augustinus is een so 'n voorbeeld in die geskiedenis van die kerk. Hy was 'n kategis. Hy het van Manicheïsme oorgekom na die Christelike geloof. Hy is ná kategese gedoop deur Ambrosius.

**Opmerking**: Dit is duidelik dat die kategetiese materiaal uniek aangepas sal word by die agtergrond van die kategis. Die fokus en aanslag sal verskil, maar die basiese inhoud bly dieselfde. Dit moet omvattend van aard wees omdat baie mense geen kennis oor God en die Bybel het nie.

Die tweede groep wat kategese ondergaan het, was die kinders van die kerk oftewel die kinders van Christen ouers. Hulle is kort na geboorte gedoop omdat hulle gesien is as deel van die kerk. Na suksesvolle kategese is hulle die hande opgelê en tot die Nagmaal toegelaat.

**Opmerking**: Ons lê deesdae belydenis van geloof af. Hierdie kategese word in samewerking met die ouers gedoen. Die ouers doen deel van hierdie werk en die fokus van die kategese moet dit in ag neem.

## 2. <u>Wat is die oorsprong van die kategese?</u>

Net soos al die ander elemente van diens aan die Here, kan ons van kategese ook stel dat dit deur God self ingestel is en nog altyd deel van die kerk was. Dit was so van die begin af. By begin bedoel ons nie skepping nie, maar van die begin van die pad met Abraham. God se verbintenis is met opeenvolgende geslagte en dit beteken elke nuwe geslag moet in die weë van die Here opgelei word. God stel hierdie lange verbintenis so in Genesis 17:7- *“Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag."*

**Opmerking**: Dit is opvallend dat kategese van die begin van die verbond in plek is. Ons kan met ander woorde die kategese sien as 'n instrument binne die verbond, wat gebruik word om die verbond uit te brei en nuwe mense tot die verbond in te lei.

Elke mens moet na vermoë in die leer aangaande verlossing opgelei word; volwassenes in terme van openbare getuienis en kinders tydens die kategese tuis, by die skool en in die kerk, in alle beskikbare sfere moet daar fokus wees op die aanleer van die hoofsake van geloof. Daar is geen twyfel aangaande die voortgesette opleiding van volwassenes nie. Die Ou Testament is vol opdragte ten opsigte van die opleiding van ons kinders.

**Opmerking**: Diegene gebore in die verbond moet weet wat die verbond inhou en wat dit van ons vereis. Mense se lewens moet aangepas word om in te pas in die parameters van die verbond.

So byvoorbeeld lees ons in Eksodus 12 en 13 gee God besondere opdragte ten opsigte van dit wat aan die kinders oorgedra moet word. Hulle moet geleer word aangaande die instelling van- en voordele vir gelowiges opgesluit in die Pasga. In Deuteronomium 4 is die instruksie dat die kinders in alle aspekte van die Wet opgelei moet word. In Deuteronomium 6 word ouers herinner om dit in te skerp by die kinders dat die Here die Enige God is en dat ons Hom moet liefhê met ons hele menswees. In Deuteronomium 11 word ouers aangesê om die kinders die inhoud en betekenis van die Dekaloog te leer.

**Opmerking**: Uit die Bybel is dit duidelik: Daar word nie net opdrag gegee ten opsigte van kategese nie, daar word ook duidelik aangedui wat die kategetiese materiaal se inhoud moet wees.

So het dit dan gebeur dat ouers hulle kinders geleer het en dat kinders by godsdienstige skole verdere instruksie ontvang het. Kinders is gewys hoe om die Here te respekteer, is geleer om God te ken, hoe om offers te bring, hoe om die geskrifte (Ou Testament) te hanteer aangaande die koms van die Messias en aan verwante sake is aandag geskenk.

**Opmerking**: Samewerking tussen kerk en ouerhuis is vroeg reeds 'n werklikheid in die geloofsgemeenskap.

Om seker te maak dat die sake volgens die denk kapasiteit van die kinders aangebied word is die Wet opgesom in die twee liefdesgebooie. Kernsake soos die Moederbelofte en gebed is bevatlik aan die kinders oorgedra.